

# BRAUNVIEH

## NUUSBRIEF 1/2016

### NUWEJAARSBOODSKAP

### VAN DIE PRESIDENT



Dit is verstommend hoe vinnig nog 'n jaar tot 'n einde gekom het! Met 2015 agter die rug, kyk ons terug op groot hoogtepunte vir die genootskap. Soos altyd, was die Vryburgskou 'n heerlike geleentheid. Die Bloemskou het ook nie teleurgestel nie. Nog 'n suksesvolle Nasionale Braunvieh Veiling het in Kimberley plaasgevind, waar nuwe rekordpryse vir die ras behaal is. Die jaar is afgesluit met 'n insiggewende Bosberaad, waar die rol van die Braunvieh in Suid-Afrika in die kollig was. Kenners, wie as sprekers by die geleentheid opgetree het, reken dat ons ras, met sy unieke, kenmerkende eienskappe, baie onderskat word. Net om die jaar op 'n hoë noot af te sluit, is een van ons eie telers, mnr. Kleinjan Gasekoma, onlangs as Voermol se Beesboer van die jaar aangewys. Hierdie prestasie is 'n groot eer en beteken baie vir die ras.

2015 was egter wat weersomstandighede aanbetref, een van die moeilikste jare in 'n lang tyd. Hoewel baie gebiede al reën ontrang het, is daar steeds areas wat gebuk gaan onder die droogte. Ons moet vashou aan ons geloof en vertrou dat daar verligting sal kom. Ons is ook dankbaar saam met die boere wat wel reën gehad het.

Ek wil telers aanmoedig om aandag te gee aan die boekhouding van teelwaardes en prestasietoetsing. Hierdie syfers is werklik nuttig en moenie onderskat word nie. Dit is nie bloot ekstra boekwerk nie, maar inderdaad 'n resep om jou kudde te verbeter. Die hedendaagse veebedryf gee al hoe meer aandag aan syfers, en as ons ras nie dieselfde doen nie, gaan ons nie met die ander rasse kan meeding nie. Kom ons maak dit een van ons doelwitte vir 2016. Daar is baie potensiaal in die ras en ek vertrou dat die nuwe jaar baie nuwe geleenthede sal oplewer om ons ras te bevorder.

My wense vir 2016 is dat ons geseën sal word met milde reën en dat die boerdery-omstandighede gunstig sal wees. Baie sterkte aan elke teler vir die beplanning om deur 'n moeilike winter te kom.

Onthou: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

Groete  
Hans Bester



# Mnr. Gaarukure Kleinjan Gasekoma van Reivilo is bekroon as Voermol se Nasionale Beesboer van die jaar vir 2015!



Hy het hierdie toekening ontvang tydens die jaarlikse glansgeleentheid in Bloemfontein waar Voermol die beste veeboere in die land vereer.

Gasekoma en sy seun Clement is voorwaar 'n voorbeeld vir mede-boere. Hy het 'n besondere netjiese boerdery en sy toekening is maar net die bewys van sy hoë standaard kommersiële boerdery. Hy skryf egter sy sukses ook toe aan sy mentor, mnr. Cois Harman.

Die Gasekoma Braunvieh Stoetery het in 2006 begin en is in 'n gebied wat sowat 500mm reën per jaar kry en 'n gemiddelde drakrag van 10ha per grootvee-eenheid het. Steeds is sy 1234ha veld in 'n baie goeie toestand omdat hy baie gestel is op bewaring van die natuurlike hulpbronne. Sy twee plase, Bruintjiesfontein en Quaggablatt is verdeel in 13 kampe (met vier opvangkrale en waterpunte asook onderdak lekgeriewe).

...Vervolg op bl.3

## Finansies

**Die raad het op sy onlangse raadsvergadering met sorg kennis geneem van die groot aantal debiteure en die feit dat dit reeds so lank agterstallig is. Ons wil u graag hiermee vriendelik aan die betaling van u rekenings herinner.**

**Die raad het ook begrip vir die droogte toestande wat tans heers en die stremming wat dit op elkeen se kontantvloei het. Ons wil u dan graag hiermee nooi om met ons in gesprek te tree en reëlings te tref oor die afbetaling om verdere stappe te vermy. So 'n reëling moet elke twee maande hernu word om u status te behou.**

**Die raad wil dan ook van die geleentheid gebruik maak om die lede wat so getrou betaal opreg te bedank vir hul bydrae. Onthou ons is 'n diensorganisasie.**



# Kleinjan Gasekoma is Voermol se Nasionale Beesboer van die jaar vir 2015!

In somermaande maak hy gebruik van 'n weeklikse wisselweiding program; in die wintermaande word dit verleng na maandperiodes. Grenskampe word dan eerste in die wintermaande beweï om te dien as brandbuffer. Hierdie praktyke stel hom in staat om in moeilike jare steeds suksesvol te boer. Behalwe die stoet, boer Gasekoma ook nog met 'n kommersiële kudde.

Sy lekprogram berus op energie- en proteïenlekkie in die droër maande, met verhoogde fosfaat inhoud tydens die somermaande. Sodoende is sy beeste altyd in 'n goeie kondisie.

Hy het een dekseisoen van vier maande (1 Desember – 1 April). Die aanbevole vrugbaarheidstoetse word jaarliks op sy bulle gedoen voor dektyd. Hy gebruik uitsluitlik Braunvieh stoetbulle vir beide stoet- en kommersiële koeie wat onderskeidelik uit 100 en 60 koeie en verse bestaan.

Gasekoma skou ook met sy Braunviehs, en diversifiseer verder sy boerdery met 'n Boerbok boerdery en 'n wild-komponent.

Prestasie-toetsing is baie belangrik vir Gasekoma omdat produktiwiteit, groeivermoë en prestasie van die teeldiere vir hom van uiterste belang is. Jaarliks word sy top bulkalwers onderwerp aan Fase C prestasietoetsing by die Armoedsvlakte toetsstasie. Slegs die beste verse word teruggehou om weer opgeneem te word in die kudde en stoetkalwers wat nie voldoen aan Gasekoma se standarde word speentyd saam met die kommersiële kalwers bemark.

Die Braunvieh Genootskap is baie trots op mnr. Gasekoma en is bevoorreg om 'n mede-teler soos Kleinjan te hê! Baie geluk!

## 'n Pragtige groep van Kleinjan se koeie.



# Nasionale Wolkwekersvereniging Prys 2015 Beste student in Kleinveekuddegesondheid en -produksie

Dr. Daleen Roos is tydens die Eedafleggings seremonie vir graduerende veeartse in November 2015 aangewys as die beste student in Kleinveekuddegesondheid en -produksie. Sy doen tans haar verpligte gemeenskapsdiensjaar in Standerton. Sy beoog om daarna haar loopbaan voort te sit met klein- en grootvee reproduksie as haar hoofokus.



Daleen saam met een van haar dosente, Prof . Ken Petty van Onderstepoort.

## KROKODIL KOS...

Erina Braunvieh Stoetery (Erhard en Ina Janse van Rensburg) van Groblersdal moes 'n bul afstaan as krokodilkos! Eduan Hector het op 'n plaas geloop wat grens aan die Olifantsrivier. Oorkant die rivier was daar koeie wat op hitte was, en vermoedelik het Hector belanggestel en nie gekyk waar die krokodille wag nie. Die buurman oorkant die rivier het al 7 beeste verloor a.g.v. die krokodille in die omaewina.

Die **Strategiese Beplannings Werkswinkel** wat in November 2015 gehou was, het noodsaaklike aspekte wat aandag behoort te geniet, aangespreek. 'n Volledige verslag kan aangevra word by Donsie: [donsiewessels@gmail.com](mailto:donsiewessels@gmail.com)



Lede en sprekers het die werkswinkel geniet en leersaam gevind.



*Abzziah*

**BRAUNVIEH**

**VOLHARDING KWEEK EGTHEID!**

Leon Strauss [leonstrauss@yahoo.com](mailto:leonstrauss@yahoo.com) 082 944 4519 Digteby Luckhoff



*Abzziah*

## SA STAMBOEK ELITE VLEISBOER VAN DIE JAAR-KOMPETISIE 2015

Witbek Braunvieh Stoetery (JJ Bester en Dogters) het tydens die onlangse SA Stamboek Elite Vleisboer van die Jaar-Kompetisie 2015 hulle prestasie van 2014 herhaal. Hulle het weereens 'n Goue meriete ontvang, wat beteken dat hulle in die land se top 10% vleisbees-stoetboere val wat betref produksie-aantekeninge en – prestasie. “Volgehoue werk is ons wenresep. Produksie-data is 'n uiters belangrike hulpmiddel wat nie misgekyk moet word nie – en elke stoetteler moet dit gebruik om stoeteling nog meer doeltreffend te maak!” meen Witbek Stoet.

## Die Beoordelaars- en Keurders Konferensie

Die konferensie is uitgestel tot verdere kennisgewing a.g.v. die droogte. Hierdie besluit is geneem op die raadsvergadering wat gehou is op 5 Februarie 2016. Daar is ook besluit dat al die keurders en beoordelaars wat die afgelope twee jaar gekwalifiseer het, se termyn eenmalig met 12 maande verleng word. Indien enige keurings vir 2016 beplan word, kontak gerus die kantoor of vir Kobus Bezuidenhout (082 374 5022) sodat keurders daarom kan beplan. Ons herinner ook lede daaraan dat hul kudde ten minste een maal elke twee jaar 'n keuring moet ondergaan.

## Die Bielie Mielie Fees 2016

Tydens dié gewilde landboufees wat jaarliks in Reitz gehou word, het Witbek Braunvieh Stoet 'n jaaroue bulkalv en 'n koei ten toongestel. Parade deur die skougronde het baie aandag gelok. Witbek Stoet se diere is ook gebruik vir die jeugskou demonstrasie; weens ons ras se goeie temperament was die Braunviehs 'n vanselfsprekende keuse vir hierdie doel.



Ismael en Paul het hulle goed van hulle taak gekwyd, met Witbek Salute en Witbek Scout.



# ALPHINE

**SWISS ORIGINAL BRAUNVIEH STUD**

Since 1936

## STUD POLICY

- Uses genetics from Switzerland (original dual-purpose type)
- Milk makes Meat
- Less course heads for easy calving
- Heavy weaning without extra feeding
- Lengthy animals with correct- and strong top line
- Performance indexes very important
- Only **Fase D** extensive veid tested bulls for the market with excellent longevity

WINBURG, FREE STATE

**Phillip Wessels: 083 264 2199**

**Donsie Wessels: 082 562 1222**

**donsiewessels@gmail.com**

In collaboration with:

**Roland Scheuber from Switzerland**

**SWISS ORIGINAL BRAUNVIEH**

**INTERNATIONAL - CENTRE**

*Sales directly  
from the farm*

# Vleissentraal-Stamboek Elite

## Bulgroeitoetsklas 2016

In hierdie klas is die eerste nominasie 'n bul van Eduan Braunvieh Stoet (Gawie en Willem Naudé), N130083 Eduan Jafta's Nescafe. Nescafe is 'n seun van Eduan Rilo's Jafta wat die ras in 2011 in dieselfde kompetisie verteenwoordig het. Die tweede nominasie is 'n bul van Sampie Rossouw, SWR140001.



Eduan Jafta's Nescafe

Eduan Nescafe gaan in Mei deelneem aan hierdie interras kompetisie in Bloemfontein.

## Nasionale veiling 2016

**Die 4de Nasionale veiling word beplan vir 5 Oktober 2016 te Kimberley. Al was boerdery toestande moeilik oor 'n groot deel van die land en is dit steeds, wil die raad voortbou op die suksesse wat die ras behaal het tydens die vorige veilings. Verlede jaar se veiling het rekord pryse vir manlike sowel as vroulike diere opgelewer.**

**Inskrywingsfooie beloop R550.00 vir bulle, R330.00 vir vroulike diere en R100.00 vir kommersiële vroulike diere. Die raad doen 'n beroep op alle telers om die Nasionale veiling te ondersteun aangesien dit 'n groot toonvenster vir die Braunvieh is en telers die beesbedryf in Suid Afrika kan wys wat bied ons wonderlike en geharde ras aan medetelers. Daar word ook weer 'n inligtings dag beplan vir die 4de Oktober 2016.**



# Eduan Braunvieh

celebrate our 80 th anniversary in 2016



EDUAN STEPHANUS LUITENANT

- Come and visit us on the farm, Information days and Sale
- Bloemshow
- Royal Show
- Nasional Braunvieh Sale Kimberley

Gawie and Willem Naudé - Buttermead Barkly East

Cel 082 897 9555 / 082 775 7067

[gawien@telkomsa.net](mailto:gawien@telkomsa.net)

[www.eduan.co.za](http://www.eduan.co.za)



## SKOU- & BELANGRIKE DATUMS 2016:

Vryburg: 6-8 April  
AFV Bloemfontein: 27 April  
Braunvich Beoordeling  
Bloemfontein: 28 April  
Dubbeldoel Interras  
Beoordeling Bloemfontein:  
29 April  
Stamboek & Vleissentraal Elite  
Bulgroeitoets Kompetisie  
Bloemfontein: 3 Mei  
Nampo: 17-20 Mei  
Royalskou: 27 Mei - 5 Junie  
Jakaranda Skou Pretoria: 24 -  
28 Augustus  
Standerton Skou: 15-16  
September

## Redakteursbrief

Die jaar is volstroom aan die gang en dis lekker om te kan berig oor alles wat in ons ras gebeur. Die meeste telers het goeie reën ontvang, steeds bid ons vir boere wat gebuk gaan onder die droogte.

Sulke tye laat mens opnuut besef dat vandag al is wat ons werklik het. Gister is gedane sake en môre is nie 'n gegewe nie.

Lekker boer!

Daleen

## LIEF & LEED

Tannie Minnie Janse van Rensburg (79) wat jare lank die genootskap se sekretaresse was, is op 27 Februarie 2016 oorlede na 'n lang stryd teen kanker. Tannie Minnie was 'n besondere mens! Ons dra haar familie in ons gebede op.

André Reitzma se broer is oorlede – ons dink aan julle in hierdie hartseer tyd.

Tannie Anna de Villiers is terug op die plaas nadat sy en oom Piet in George was vir die laaste deel van haar behandeling. Ons is bly dat tannie Anna al die chemo- en bestralingsterapie agter die rug het! Sy drink nogsteeds medikasie wat kanker bestry vir die volgende vyf jaar. Sy en haar familie is dankbaar dat die behandeling so suksesvol was en dat die kanker in remissie is.



Paul Roos & Daleen Bester is op 5 Desember 2015 in die huwelik bevestig. Baie geluk!